SA Media - The University of the Free State

Page: 1

Source: LANDBOUWEEKBLAD

Date: 20-Jun-2003

Topic: 19

Ref No: 3332

1

ID: 02963892-01

Source Page: 73

# Regering moet meer belê in navorsing, sê Kirsten

■ Deur JOHAN FOUCHÉ

Gebrekkige inligting oor byvoorbeeld oordragvoorrade is 'n wesenlike probleem en die Regering moet meer geld bestee aan inligting en navorsing in die landbousektor, het prof. Johann Kirsten, voorsitter van die Voedselprysmoniteringskomitee, op 'n vergadering van die landbouvereniging Durbanville gesê.

"Die Regering moet groter toewyding aan die landbousektor toon ter wille van politieke stabiliteit in die land. Daar moet in landbounavorsing herbelê word en ondersteuning aan boere moet uitgebrei word."

Volgens hom kan 'n vrye mark nie bedryf word sonder behoorlike inligting nie. "Die komitee sukkel byvoorbeeld om te bepaal wat boere werklik vir hul graan kry omdat min klinkklare verkope op Safex plaasvind."

Hy reken die Nasionale Oesskattingskomitee moet veel beter gefinansier word om te kan doen wat van hom verwag word.

Prof. Kirsten sê een van die prysmoniteringskomitee se doelwitte is om vas te stel wat dit werklik kos om produkte op die verbruiker se tafel te kry.

Volgens hom is dit ontstellend om te sien hoe min mense werklik die landbou verstaan en weet wat ná die plaashek met 'n produk gebeur.

"Dit is nodig om te sien of die marge tussen wat die boer kry en die kleinhandelsprys verander."

Die komitee kyk nie net na die groot kettingwinkelgroepe nie, maar ook na klein ondernemings soos spaza-winkels op die platteland. Dié winkels, wat juis die armste mense bedien, het volgens dr. Kirsten dikwels groot winsmarges.

Hy sê die kosprysdebat is nie 'n groot kwessie vir boere nie, want daar is min wat hulle aan pryse kan doen. Hulle is uitgelewer aan die markte.